


Byvraag A (Wit diskriminasie kriteria voorstel – byvoeging tot keurdershandleiding)

Op grond van die sketse hierby aangeheg wil ons graag die volgende voorstel maak rakende die diskriminasie teen te veel wit tydens keuring. Let Wel: Hierdie is bedoel as 'n byvoeging tot die keurdershandleiding en nie 'n grondwetwysiging nie. Indien die AJV sou besluit om dit 'n grondwetwysiging te maak is kennis voldoende en kan dit dienooreenkomstig aangebring word. Hierdie het veral noodsaaklik geraak na aanleiding van 'n gesprek onder die keurders en junior keurders waar heel party van die lede van mening was dat ons eerder vroegtydig planne in plek moet kry om te diskrimineer en dalk selfs te diskwalifiseer indien daar te veel wit in enige betrokke dier teenwoordig is.



Voorstel:

Punte is vir kleur gedeelte soos op die sketse

Blou 0

Oranje -1

Rooi -2

Dit word nie aanbeveel dat kleur sy eie blok op die keuringsvorm kry nie. Ons penaliseer 'n perd op die blok wat reeds op die keuringsvorm bestaan met die punte soos hierbo

Senarios:

Gestel 'n perd het een wit voorbeen met wit tot bo knie. Perd kry 8 vir bene maar weens kleur diskriminasie kry hy dus nou 6 (8-2) vir sy voorbene. Indien hy egter twee voorbene het wat wit bo knie het kry hy dan 4 (8-4) en dan word hy op sy voorbene gediskwalifiseer omdat hy 4 het, wat op hierdie stadium 'n diskwalifikasie

punt is. Manipulasie is ook moeilik want bo knie word as -2 vasgestel en indien daar twee voorbene bo knie wit is moet 'n perd 9 vir voorbene he om te kan slaag en tot op hede is baie min perde gekeur wat bo 8 vir hulle voorbene kry. Dit sal dus 'n UITSONDERLIKE perd neem om deur te glijp met 2 hoe wit sokkies



Op die kop moet mens onderskei tussen bo lip en onderlip

Blou 0

Groen en Oranje -1

Rooi -2

Senarios

Perd met wit oor een neusvleul - 1, perd met wit oor twee neusvleuels -2, perd met wit op onderlip -1, perd met wit oor sekere lyn op kaak -2. Selfde sal dan gebeur as met die bene.

As ons hierby hou is dit presies wat die grondwet nog die heel tyd se ons moet doen, maar nou word dit gekwantifiseer en kan mens die lyn trek. 'n Perd met 'n UITSONDERLIKE kop sal dan ook kan deurglijp

Op hierdie stadium is bont, dus los kolle, REEDS in die grondwet 'n diskwalifikasie.

Ons het reeds 'n voorsiening in die grondwet wat voorsiening maak vir diskreminasie op grond van te veel wit. Om nou weer die grondwet te wysig om dit wat reeds bestaan toe te pas is 'n mors van tyd. Ons het nou met Maret se hulp 'n stelsel

geskep waarmee ons die diskriminasie meetbaar maak. Nou kan ons doen wat ons eintlik nog altyd moes doen maar wat nou gekwantifiseer is.

Die voorstel is nie die promiveering van die teel van bont perde teel nie, maar ons moet diskrimineer waar ons moet diskrimineer en diskwalifiseer waar dit moet gebeur, maar ons moet oppas om dit nie so streng te maak dat ons onself op die ou einde in die voet skiet nie. Maar ook moet ons nie so buigbaar wees dat ons alle beginsels in die proses prysgee nie.